# Book Notes

**Bittner, J.R. 1985. *Broadcasting and telecommunication. An Introduction.* Prentice-Hall: Englewood Cliffs, New Jersey.**

Tegnologiese kommunikasie, in dié verband die uitsaaiwese en telekommunikasie, is 'n kommunikasierigting wat toenemend belangrik word. In Suid-Afrika word dit reeds as 'n spesifieke kursus aangebied. Bittner se *Broadcasting and telecommunication* dek nie alleen elektroniese uitsaaimedia nie, maar is veral waardevol in deel I tot III waar uitsaaiwese- en informasietegnologie bespreek word. *Broadcasting and telecommunication* dek die geskiedenis en ontwikkeling van telekommunikasie (Deel I); Uitsaaiwese en informasietegnologie (Deel II); Sisteme en programmering (Deel III); Regulering en kontrole (Deel IV); en Ekonomie en evaluering (Deel V).

'Hoewel hierdie boek oorwegend vanuit die Amerikaanse perspektief geskryf is en sekere gedeeltes dus nie van toepassing is in Suid-Afrika nie (bv. Deel IV), kan Bittner wel met vrug gebruik word in meer senior kursusse waar tegnologiese kommunikasie aangebied word. A.S.

**Wimmer, R.D., & Dominick, J.R., 1987. *Mass Media Research. An Introduction* (Tweede uitgawe). Wadsworth Publishing Company: Belmont, Kalifornië.**

Toenemende ontwikkelinge op die gebied van die massamedia het belangrike veranderinge in massamedia-navorsingsprosedures meegebring. Een van die belangrikste veranderinge die afgelope vyf jaar wat massamedia-navorsing beïnvloed het, is die gebruik van rekenaars en spesifiek die mikrorekenaar.

In dié tweede uitgawe van Wimmer & Dominick se boek word spesifiek klem gelê op die belang van mikrorekenaars vir navorsers. Vervolgens is al die hoofstukke in hierdie weergawe hersien. Die tweede uitgawe se samestelling verskil ook van die eerste en bevat die volgende afdelings:

Deel I: vier hoofstukke oor die fundamentele aard van navorsing.

Deel II: 'n bespreking van 'n verskeidenheid navorsingsbenaderings wat onder meer longitudinale navorsing en ander kwalitatiewe metodes insluit.

Deel III: basiese statistiese metodes.

Deel IV: navorsingstoepassings wat ook 'n nuwe hoofstuk oor massamedia-effekte navorsing insluit.

Deel V: die analisering en verslaggewing van navorsing.

Elke hoofstuk bied ook 'n stel probleme en vrae wat verder ondersoek kan word. 'n Nuttige byvoegsel is die tabelle wat in bylaag I ingesluit is, asook die kort riglyne in bylaag III oor die gebruik van fokusgroepe.

Wimmer & Dominick se boek kan hoog aanbeveel word vir gebruik in metodologiekursusse, spesifiek op nagraadse vlak. A.S.

**Dominick, J.R., & Fletcher, J.E. (Reds), 1985. *Broadcasting Research Methods.* Allyn & Bacon Inc: Massachusetts.**

Dominick & Fletcher se *Broadcasting Research Methods* is 'n versameling artikels waarin 'n oorsig gebied word oor die aard en omvang van navorsing oor die uitsaaiwese. Hierdie inleidende boek kan ook waardevol benut word deur nagraadse studente asook ander navorsers.

Die boek kan verdeel word in twee breë afdelings; a) Tegnieke wat gebruik kan word tydens navorsing, en b) Spesifieke navorsingsprobleme en wyses waarop elkeen benader is. In die tweede afdeling is navorsingsprobleme ingesluit wat primêr teoreties en probleemoplossend georiënteerd is. Die teoretiese probleme is meer abstrak van aard en bied riglyne waarvolgens 'n verskeidenheid kommunikasiesituasies en kommunikasiehandelinge voorspel of verklaar kan word.

Hoewel onderskei word tussen die toegepaste en meer teoretiese afdelings, word hulle nie afsonderlik hanteer nie, aangesien navorsing albei behels. A.S.

**Sunter, Clem 1987. *The World and South Africa in the 1980's.* Human & Rousseau : Tafelberg : Kaapstad.**

Die boekie (111 bladsye) het nog 'n aankondiging, nog 'n resensie, meer nodig. Die man en sy boek het soos 'n veldbrand



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

deur die land getrek.

Die redaksie wil as 't ware met reg alle kommunikasie-belangstellers herinner aan die boek as 'n voorbeeld van 'n goed voorbereide sender, 'n direkte duidelike boodskap en die entoesiastiese ontvangs van die boodskap by die professionele — en breë publiek.

Dit bied die somber werklikheid van die toekoms van Suid-Afrika aan in nugter woorde. Dit bied ook die hoopvolle werklikheid aan as daar betyds oplossings beding word.

Waardevolle inligting word deurgegee, maar ook beredeneerde motivering en rigting vir oorlewing en beplanning.

Die plek wat kommunikasie in die proses van vernuwing in Suid-Afrika moet inneem, word feitlik op elke bladsy uitgespel.

Op sy eie manier is die boek oorredende kommunikasie in die praktyk. WdK.

**Sperber, D., Wilson, D. 1986. *Relevance: Communication and Cognition.* Basil Blackwell Publishing.**

In this book the authors present a new approach to the study of human communication. This approach is grounded in a general view of human cognition. The book sets out to lay the foundation for a unified theory of cognitive science. A single property — relevance — is seen as the key to human communication and cognition.

The authors discuss two approaches: the code theory and inferential theory with a view to combining both a code model and an inferential model in order to provide an explanatory account of verbal communication.

The authors also take an interesting viewpoint of the study of reasoning, which directly challenges claims that human central thought processes are likely to remain a mystery for some time to come.

New insights into language and literature are also offered, revising current views on the nature and goals of verbal comprehension, and in particular on metaphor, irony, style, speech acts, presupposition and implicature.

For those interested in theories of language and verbal coding this book should be of interest. S.V.

**Richard Dimbleby, Graeme Burton. 1985. *More than words — an introduction to Communication.* Methuen : London**

The authors of this book state in the preface that their aim has been to produce a readable book about communication that is not necessarily aimed at graduate level readers. They aim to provide a general introduction to communication studies and not a theoretically comprehensive work. The what, how and why of communicating are the themes of this book.

It describes the most important theories of communication in simplified and abbreviated form. Readers who wish to follow up the contents of each chapter with more factual detail are provided with suggested readings and a resource list at the end of the book.

The first chapter of the book discusses what communication is. The rest of the book is structured in terms of the levels of communication which provides a very logical framework for various communication theories. The basics of communication theory at interpersonal group, organizational and mass communication levels are discussed.

The format of each chapter follows a similar pattern. Students are given a structure approach to the subject and a source of reference, with examples of the application of ideas and short practical activities. Thus the book not only describes the theories of communication but also aims at developing skills and techniques of communication.

The book is also intended for adult readers and teachers who wish to obtain a summary of current ideas on the theory and practice of human communication.

A useful feature of the book is the glossary of communication terms, where brief definitions of some important terms used in communication studies are provided.

On the whole this book can be highly recommended for use as an introductory text. S.V.

**Alten, S.R. 1986. *Audio in Media,* Wadsworth, Kalifornië.**

Die skromelike verwaarlosing van klank as onontbeerlike element van oudio-visuele pro-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

duksies word voortgesit in die gebrek aan ordentlike wetenskaplike en toeganklike handleidings. In dié opsig moet Audio in Media verwelkom word. 'n Omvattende, hoewel oorsigtelike, opname van klank, van die beginsels van klank, tot 'n bestekopname van toerusting, deur voorproduksie, produksie en na-produksie, word aangebied.

As inleidende werk is dit dus nuttig, hoewel te omvangryk. As bron vir gevorderde studie is dit weer omvangryk genoeg, maar moontlik te veel van 'n praktiese handleiding. Daarby bevat dit inligting (veral i.v.m. kompakspelers en digitale band) wat onvoldoende en reeds verouderd is. 'n Boek van gemengde seëninge. K.S.

**Bettinghaus E.P. en M.J. Cody (1987) Persuasive Communication (4de uitgawe). New York : Holt Rinehart en Winston.**

Hierdie is die vierde uitgawe van 'n boek wat reeds in 1966 verskyn het. Omdat die teoretiese kennis in dié veld vinnig gegroei het en die moontlike toepassingsgebiede in omvangrykheid toegeneem het, het Cody Bettinghaus bygestaan met die afbakening en verfyning van informasie. Daarom is die boek wat inhoud betref steeds hanteerbaar, ofskoon die belangrikste onderwerpe relevant tot die studie van oorredingskommunikasie, gedek word. Nuut in hierdie uitgawe is 'n hoofstuk oor onderhandeling — 'n onderwerp wat in die Suid-Afrikaanse situasie uiters relevant en bruikbaar is.

Die boek het besliste toepassingswaarde op die gebied van oorreding, bestuurskommunikasie, skakelwerk en arbeidsverhoudinge. Dit verskaf dus in die algemeen nuttige insig op 'n velerlei gebiede, sonder om teoreties afgewater te raak. C. vd W.

**Dyer, G. (1982) Advertising as communication. London : Methuen. Reprinted 1983 and 1985**

Dyer's text on advertising is written in a lucid style and introduces the student studying the subject for the first time to many basic ideas and concepts in the field. Advertising as a form of social communication which affects our daily lives is discussed within the broader economic and social contexts of contemporary society. The book addresses important issues on the functions, effects and ideology of advertising. It introduces concepts such as semiotics, rhetoric and language not often found in more traditional texts on advertising. A major contribution in the second half of the book is the way in which it deals with guidelines and questions on how to study advertisements. While the book uses mainly British examples, it makes for interesting reading and can be recommended not only to students of advertising but also communication and related fields. P.S.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).